VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

30 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #12B

Geliefde Gemeente,

Baie dankie – nog steeds – teenoor elkeen van u, u voorbidding, en u beskikbaarheid.

Deur hierdie herdersbriewe is daar kontak, verkry ons perspektief en leer ons om te bedink dit wat daarbo is, in plaas van te bedink dit wat op die aarde is – ***Kol.3:2***.

Ons lees in ***Fil. 4:8*** die volgende: ***"Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is; watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit."***

Vanoggend toe ek gebid het, het die Heilige Gees ***Fil. 4:8*** aan my gees geïnspireer; asook ***Ef. 5:29***, die laaste sinsnede ***"VOED EN KOESTER die Here die gemeente"*** en dat ons ook, onsself **sal VOED EN KOESTER**. Dit is waaroor hierdie herdersbrief gaan. Ek glo nie, dat dit tot eer van die Here is, wanneer ons in hierdie tyd van inperking, *"veragter in die genade"* nie. Inteendeel, wat 'n wonderlike geleentheid, dat ons verhouding in Jesus Christus, tot God *verinnig* en *verdiep*. Ek vertrou op die Gees van Christus wat in u is – ***1 Joh. 3:24 "die Gees wat Hy ons gegee het."*** Een van die voordele van hierdie tydperk van inperking, is nie dat die afwesigheid van 'n persoonlike teenwoordigheid tot u geestelike groei aanleiding gee nie: dit is, dat ons gedwing word om te verstaan dat ons fondasie, is **CHRISTUS**; ons fondasie is nie as gevolg van die fisiese teenwoordigheid van 'n geestelike leier nie. Dit is Christus wat ons staande hou, Christus is ons inspirasie. Dit is die kragwerking van die Heilige Gees in ons, wat ons geloof bepaal, ons steun dus nie op ons byeenkomste nie. Ons geloof is nie *mens-georiënteerd* nie. Christus is die Begin en die Einde van ons geloof. Dankie Vader dat die Heilige Gees nog steeds op planeet aarde is, en tot ons beskikking is. Kan u, u indink hoe dit sou wees wanneer die Heilige Gees weggeneem word? Dit sal dan feitlik onmoontlik wees om staande te bly.

Vir 'n persoon wat in die sport bedryf is – om ten tye van die inperking fiks te bly – is 'n uitdaging. Eweeens is dit 'n uitdaging vir die gelowige, om sonder byeenkomste geestelik fiks te bly.

***Amos 8:11*** leer ons: *"Kyk, daar kom dae, spreek die Here HERE, dat Ek 'n honger in die land stuur, nie 'n honger na brood nie en nie 'n dors na water nie, maar om die woorde van die HERE te hoor.*

Hoe verstaan ons, en hoe beleef ons dit prakties: **"<u>DIE VOED EN KOESTER</u>"**?

- Tydens ons laaste besoek aan **Petra,** het 'n Bedoeïen Arabier eenkant langs die pad gesit. Ek het die drang en behoefte gehad om my hande op hom te lê, vir hom te bid en hom te seën. Deur dit te doen het ek – in my menswees – 'n opgewondenheid, 'n bevrediging ervaar. Dikwels, en elke keer wat ek 'n kind of volwassene bedien; of die evangelie teenoor 'n ongelowige aanbied, ervaar ek, dat ek as mens gestig word.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

- Elke keer wat ek in tale bid, ervaar ek dat ek gestig word – ***1 Kor. 14:4***.
- Elke keer wat ek iemand in nood kon bystaan of uithelp, het ek dieselfde ervaring gehad.
- Om iemand te bedien, om betrokke te wees en hulp te verleen; en dan te verstaan dat God se stokperdjie ***"mense"*** is. ***Joh. 3:16*** bepaal uitdruklik dat God die wêreld liefhet.
- Die vreugde van gee – ***Luk. 6:38 "Gee, en aan julle sal gegee word."***

Die bogenoemde dek dus die aspek van: **diensbaarheid en persoonlike evangelisasie**.

Elkeen van ons is deel van 'n sosiale struktuur; ons staan nie alleen nie; ons soek nie ons eie belang nie. Ons is nie en word nie ons eie god nie.

Ons moet begryp dat die Liggaam van Christus impliseer: ***Ef. 5:30 "Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene."***

Daar is egter ook 'n ander aspek wat uitgelig moet word: dat om in Christus te wees – ***1 Kor. 1:30*** – beteken om in mekaar te wees. Dat jou vlees my vlees is, en my vlees ook jou vlees is.

***Ef. 5:29 "NIEMAND HET OOIT SY EIE VLEES GEHAAT NIE".***

Deur mekaar te ondermyn, mekaar te belaster, negatiewelik mekaar te bespreek, teenstrydig is met hierdie waarheid. In sy diepste wese beteken dit om **eenheid te handhaaf;** mekaar te ondersteun, mekaar se belange op die hart te dra, vir mekaar te bid, d.w.s. om mekaar lief te hê.

In the English version it is written: ***Eph. 5:29 "For no man ever yet hated his own flesh; BUT NOURISHETH AND CHERISHETH IT, even as the Lord the church."***

**NOURISHETH***:*

To rear up to maturity that is to train.

**CHERISHETH**:

To warm and to foster with tender caring and love.

In die lig hiervan is dit die verantwoordelikheid, van die totale omvang van ons leierskap, om hieraan te voldoen, met die regte motivering.

Seëngroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335